

Woensdag 3 April

Skrifgedeelte: Genesis 3 (1933/53-vertaling)	Fokusgedeelte: Genesis 3:14, 15
---	--

Ons Verlosser vermorsel die kop van die bose

Genesis 3 vertel die tragiese geskiedenis van die mens wat as die beeld van God geskep is, maar hom toe self in die ellende gedompel het deur toe te gee aan die versoeking van die bose. Daarna sou die mens onbekwaam tot enige goed wees en geneig tot alle kwaad. Dit is duidelik dat die mens nou 'n Verlosser nodig gehad het om die beeld van God in Hom te herstel.

Omdat die slang die mens tot boosheid verlei het, het die Here 'n vloek oor hom uitgespreek, maar ook 'n belofte van troos en hoop vir die mens gegee. Die slang sou vervloek wees onder al die diere en op sy maag seil en stof eet. Daar is ook 'n vloek van vernietiging oor die bose uitgespreek wat terselfdertyd 'n belofte van verlossing en 'n Verlosser vir die sondegevalle mens ingehou het: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt."

In die oorspronklike taal is dit duidelik dat daar meedoënlose vyandskap tussen die bose en die hele nageslag van Adam en Eva sal wees. Alle mense sal voortaan deur die bose geteister word, maar Een uit die nageslag sal, hoewel Hy in die hakskeen gepik sal word, die slang se kop vermorsel. Iemand kan nog 'n byt aan die hakskeen oorleef, maar niemand kan dit oorleef as sy kop vermorsel sou word nie!

Die Verlosser is Jesus Christus wat gekruisig sou word (in die hakskeen gebyt sou word), maar wat ook uit die dood sou opstaan en die werk van die bose só sou vernietig. Die bose wou ewige vernietiging vir God se kinders bewerk, maar Jesus sou die bose vernietig en ewige verlossing deur sy dood en opstanding vir God se kinders bewerk!

Dank die Here elke dag vir die Verlosser, Jesus Christus, wat Hy vir ons gestuur het!

Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2

Dr. HPM van Rhyen (Malan) (Pretoria-Noord)